# Hoofstuk van die dag: Efesiërs 5

*… laat die Gees julle vervul … (vers 18)*

Iemand wat aan Christus behoort, hét reeds die Heilige Gees ontvang. En tog sê die Bybel: "… laat die Gees julle vervul." Want hoewel die Heilige Gees in elke gelowige woon en werk, beteken dit nie dat alle gelowiges outomaties ook met die Gees vervul is nie. Baie gelowiges se lewens is van so 'n aard dat hulle eie ek nog die botoon in hulle lewens voer.
Wat die Bybel hier van ons vra, is dat ons ons daarop moet instel dat die Heilige Gees die beheer oor ons lewens kan oorneem, dat die Gees ons só moet vul dat ons as mense van die lig sal lewe (vers 8), dat ons vol sal wees van die dinge van die Here, dat ons gedurig daaroor sal dink en praat.
Dit beteken om die Heilige Gees toe te laat om jou lewe te lei en te rig op God en sy wil vir jou lewe. En kyk net wat gebeur met 'n mens as die Gees jou vervul: So 'n mens se lewe word 'n lied, hy begin sing (vers 19) en leef dankbaar (vers 20).
Lof en dankbaarheid: dís wat die Gees wil doen; ook in jóú lewe.

## Onlangse Bydraes


- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking
- Bybelkarakters – Adam


## Argief


Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

© Bybelkoerant 2018 – 2026